 AMELIA GENIS agenis@landbou.com

Veldherstel kan ook mense heel

Verbeel jou elke dorp het 'n kwekery vir inheemse plante en inwoners kan vrede in hul gemoed en heling vir hul siel kry deur te help om vernielde veld te rehabiliteer. Die goeie nuus? So 'n dorp bestaan reeds in die kleine!

Hoe meer Karoodorpe klein ondernemings het wat inheemse saad op 'n volhoubare manier versamel of saadkwekerye bedryf, hoe makliker kan veldrestourasie gedoen word. FOTO'S: AMELIA GENIS

Hy huil in die veld oor die veld, het 'n boer van Laingsburg iewers verlede jaar opgemerk, net soos iemand wat by die graf van 'n geliefde gaan treur.

Dis nie net hy wat bedroef is oor ekologiese agteruitgang vanweë klimaatsverandering en menslike bedrywighede nie. Daar is deesdae begrippe soos "solastalgie" (geestelike angs weens veranderinge aan die omgewing) of "klimaathartseer" oor wat die mensdom verloor het of besig is om te verloor.

Tog kan die herstel- of troosproses op die toneel van die verlies begin. Baie mense weet dit reeds, maar die goeie nuus is dat al hoe meer medici en sielkundiges vind die natuur kan soos medisyne wees. Mense se gemoedstoestand kan verbeter as hulle by ekologiese rehabilitasieprojekte betrokke raak.

Dié bevinding is ook nie eens meer net teorie nie. Op Prins Albert in die Wes-Kaap is proff. Sue Milton en Richard Dean, eienaars van Renu-Karoo Veld Restoration, 'n veldrehabilitasie-onderneming op dié dorp, en me. Hélène Smit, 'n berader, besig om dit prakties te ondersoek.

Milton het in September op die wêreldkonferensie oor ekologiese restourasie in Kaapstad aan 'n internasionale gehoor verduidelik dat sy en Dean 12 jaar gelede 'n geleentheid raakgesien het om veldrestourasie in die droë gebiede te doen en hoe hulle daardeur plaaslike mense se vaardighede verbeter en 'n gunstige houding teenoor die natuurlike wêreld help kweek het.

DROË HART VAN DIE KAROO

Hulle werk in die "droë hart van die Karoo", waar dit gemiddeld minder as 200 mm per jaar reën. "Die veld het baie pak gekry deur oorbeweiding deur skape of oorbelading met wild wat nie geskik is vir die gebied nie. Die ekonomie van Karoodorpies is onder groot druk. Inwoners is laag geskool, werkloosheid is hoog en omdat plaaslike munisipaliteite sukkel om basiese dienste te lewer, is die dorpies droog, stowwerig en vuil."

Hoewel nomadiese veeboere die Karoo duisende jare lank deurkruis het, het die jare van oorbeweiding sowat 250 jaar gelede met gevestigde boerdery en inkamping begin.

"Dit het tot selektiewe beweiding, oorbeweiding, 'n toename in giftige plante, slooterosie en indringerbome in die riviere gelei."

Volgens Milton stel dit groot eise aan veldherstel, en word die omvang van kaal grond vererger deur mynbedrywighede en die oprigting van aanlegte vir hernieubare energie. "Omdat die lae reënval dikwels deur blitsvloede onderbreek word, is donga-erosie algemeen en bly kaal grond dikwels kaal."

Tog is daar vele restourasiegeleenthede in die probleme, sê Milton, veral vir ondernemings wat saad versamel en werk verskaf aan mense wat saad en plantjies kweek.

"Daar is geleenthede om met universiteite

Daar is deesdae begrippe soos 'solastalgie' (geestelike angs weens veranderinge aan die omgewing) of 'klimaathartseer' oor wat die mensdom verloor het of besig is om te verloor.